Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 10 Kaapstad, 23 Mei 1951 Prys 3d. Nr. 25

# MOET IDEALE BEVEILIG BINNE NUWE EENHEID

**Die voorgenome samesmelting tussen die Herenigde Nasionale Party en die Afrikanerparty bied 'n gulde geleentheid aan die partyleiers om twee stappe te doen wat ongetwyfeld deur al die lede van die Ossewabrandwag verwelkom sal word, het mnr. W. R. Laubscher, voorligtingsoffisier van die O.B. gesê toe hy verlede week verskeie kommandos in die Boland toegespreek het.**

**In die eerste instansie kan van die samesmelting gebruik gemaak word om die groot vrede in Afrikanergeledere te sluit deur die politieke party se vyandskap teen die Ossewa-brandwag te staak en deur die lede van die O.B. as volwaardige strydgenote te aanvaar en te verwelkom.**

**In die tweede instansie sal dit dan beteken dat van samesmelting gebruik gemaak kan word om in der waarheid 'n nuwe nasionale party te stig — 'n party wat nie die erfgenaam sal wees van die proses van afwatering van nasionalisme en republikanisme wat tans in die bestaande nasionaalgesinde partye aan die gang is nie.**

Die nuwe party sal dan eerder die erfgenaam wees van daardie nasionale en republikeinse eenheid en koers wat die Afrikanervolk in die oorlogsjare bereik en neergelê het.

Hoewel die Ossewabrandwag, wat as sodanig nie by die samesmelting betrokke is nie, hoegenaamd nie die aard en grondslag van die nuwe party kan bepaal nie, kan die Ossewabrandwag tog by voorbaat sy seën uitspreek oor die samesmelting in die verwagting dat dit sal lei tot die geboorte van 'n nuwe nasionale party waarin algehele Afrikanersamewerking moontlik is op 'n grondslag van onvervalste nasionalisme en republikanisme.

„Ek voel dat dit nodig is dat daar ten aansien van die samesmelting van die partye nadruk gelê sal word nie alleen op die groter samewerking wat daardeur verkry kan word nie, maar ook en veral op die suiwer inhoud wat aan die nuwe party gegee moet word. **Afrikanersamewerking op 'n grondslag wat die afwatering en prysgawe van Afrikaner-ideale vereis, is net so onaanneemlik as Afrikanerverdeeldheid. Afrikanersamewerking moet nagestreef word ter wille van die verwesenliking van die Afrikaner-ideale.** Dit is 'n fundamentele waarheid wat die bewerkers van enige vorm van Afrikanersamewerking nooit mag vergeet nie.

### KOUKUS-BESLUIT

„Ek wil dit as my mening uitspreek dat geen nasionaalgesinde Afrikaner sonder ernstige besorgdheid kan verneem van die besluit van die koukus van die sterkste regeringsparty om sy lede te belet om republikeinse propaganda te maak nie.

Voorts sê ek dat die skielike en volgehoue swye van voormanne van die regering oor die republikeinse strewe van die Afrikanervolk 'n skadelike terugslag is vir republikanisme. En hierdie dooddrukkery van die republikeinse ideaal mag nie stilswyend en derhalwe goedkeurend aanvaar word nie. Ons wat republikeine is, moet beswaar daarteen aanteken. Ons moet aan die Herenigde Nasionale Party sê dat wanneer die talrykste nasionaalgesinde politieke party 'n verbod plaas op republikeinse propaganda dan bewys hy die Afrikanervolk 'n ondiens en dan verdien hy om daaroor verwyt te word.

### KWAAIE DAG

**Wanneer die kwaaie dag aanbreek dat verpolitiekte Afrikaners die republiek in die dodehuis wil wegbêre, dan breek die tyd ongetwyfeld ook aan vir volksbewuste Afrikaners om saam te staan terwille van die herrysenis van die republiek.**

Daar word vandag so maklik deur eertydse republiekeine verklaar dat republiekanisme op die huidige oomblik „nie praktiese politiek is nie." Hierdie mense beweer dat die aanvaarding van Britsisme — lidmaatskap van die Britse statebond en afhanklike ineenvlegting met die moeder- en suster-koninkryke van die Britse bond — op die oomblik in belang van die Afrikanervolk is. **Dit is 'n noodlottige wanvoorstelling en ek glo dat dit 'n opportunistiese ingewing is in 'n poging om Engelse stemme te vang.**

### BRITSE OOGMERK

Die waarheid is dat die behoud van die Britse statebond nie die oogmerk van Suid-Afrika se buitelandse beleid behoort te wees nie. Daar is ander oogmerke wat nagestreef moet word.

Dit is in Suid-Afrika se belang dat Europese eenheid en heropbouing bewerkstellig moet word; dat Europa behoue moet bly en nie in die hande van die kommuniste val nie. **Instede dat Brittanje hom vereenselwig met hierdie oogmerke, dwarsboom hy dit omdat hy sy heil soek in sy eie statebond en nie in 'n verenigde Europa nie.**

Maar die Afrikaners weet dat as Europa vernietig word, dan is Afrika en Suid-Afrika in die onmiddelike gevaargebied — heeltemal afgesien van die bestaan al dan nie van 'n Britse statebond. Die behoud van Europa is derhalwe baie meer in belang van Suid-Afrika as wat die behoud van die Britse statebond is.

### EMPIRE IN AFRIKA

Die Britse Empire is vandag besig om selfregerende naturellestate in Afrika op te rig. **Hierdie beleid beteken nie die ontbinding van die Empire, soos in sommige kringe gedink word nie. Die beleid beteken 'n nuwe Britse beslaglegging op Afrika. Elke selfregerende naturellestaat in Afrika is 'n kapstok waaraan Brittanje sy hoed opnuut in Afrika ophang.** Hierdie beleid mag uitbuitingsgebiede vir die Britse Empire en vir die moederkoninkryk van die Britse statebond beveilig, maar dit is ongetwyfeld nie in belang van Suid-Afrika en die heerskappy van die blanke in Afrika nie. **Instede dat Suid-Afrika gekoppel bly aan die Britse statebond behoort Suid-Afrika baie liewer 'n eie Afrika-beleid aan te gee en as 'n selfstandige republiek, — die sterkste moondheid in Afrika suid van die ewenaar — hom te beywer vir die verwesenliking van daardie beleid.**

### PRAKTIESE POLITIEK

Die beveiliging van die blanke beskawing in Afrika en in Suid-Afrika sal nie bereik word langs die weg wat die Britte tans volg nie. Dit lê in die eenheid en behoud van Europa; in Afrikanerleierskap in Afrika; en in intieme Europees-Afrikaanse samewerking tot heropbou van Europa en ontwikkeling van Afrika. **Dit beteken dat republikanisme praktiese politiek is in Suid-Afrika en dat inkruipery by die Britse Statebond rampspoedige politiek is.**

Ons republikeine voel dat die Britse konneksie 'n stukkie vreemde sentiment is wat die Afrikanervolk nie kan bekostig in hierdie dae waarin ons teenswoordig leef nie. **Ons voel dat die prysgawe van die republiek nie alleen beteken dat 'n historiese Afrikanerideaal weggegooi word nie, maar ook dat 'n praktiese politieke oogmerk prysge-**

(Vervolg in kol. 2.)

# VERGOEDING VIR GEÏNTERNEERDES

**Na bereig word, is die regering voornemens om wetgewing in te dien wat dit moontlik sal maak om skade te vergoed aan sekere persone wat tydens die oorlog geïnterneer was. Dit geld alleen mense wat geïnterneer was terwyl hulle in vaste diens van die staat gestaan het en dan ook alleen diegene wat nie skuldig bevind was aan sabotasie of ander misdade nie.**

Sulke persone wat nog in die staatsdiens is, sal die rang en senioriteit kry wat hulle sou gehad het indien hulle nie geïnterneer was nie, terwyl geldelike vergoeding aan hulle uitgekeer sal word vir die tydperk van hul internering. Diegene wat nie weer na die staatsdiens teruggekeer het nie sal natuurlik net in aanmerking kom vir geldelike vergoeding.

Aangesien daar reeds in die polisiediens aan oud-geïnterneerdes herstel van status verleen is, sal polisie-amptenare ook net in aanmerking kom vir vergoeding van geldelike verliese tydens internering. Die betrokke wetsontwerp word behartig deur min. J. F. Naudé.

Na die O.B. verneem is dit die bedoeling dat die verskillende departemente, te wete die spoorweg-, polisie-, gevangenis- en staatsdiens en die leër opdrag sal ontvang om self in te gaan op die kwessie van herstel van regte en vasstelling van vergoeding. Ongeveer 300 mense sal in aanmerking kom.

Die regering verdien lof vir hierdie stap in die rigting van regsherstelling aan slagoffers van die oorlogsbewind. Dit is egter jammer dat so baie ander Afrikaners buite die staatsdiens wat ook verliese deur internering gely het, uitgesluit gaan word van die voorgenome maatreël. Ons meen dat as die regering deur wetgewing onreg wil herstel wat 'n vorige bewind gepleeg het, dit nie net tot 'n sekere groep beperk moet wees nie.

(Vervolg van kol. 5.)

**gee word tesame met die talle newe-oogmerke wat die hoofstrewe vergesel.**

Daarom vind die Ossewabrandwag dit nodig om vandag, wakkerder as ooit, brandwag te staan. En die O.B. wil die vyande van die Afrikanervolk waarsku en die volk se vriende verseker dat hy alarm maak en tot die stryd sal oproep sodra dit nodig word.

# *Mag Vrou Se Offers Vir Republiek Nie Weggooi*

**„Ek is baie versigtig wanneer dit aankom op beroepe wat op die vrou vanaf die openbare verhoog gedoen word omdat ek weet watter sware eise die lewe, en deesdae veral die ekonomiese lewe aan die vrou stel. Wanneer sy opgeroep word om haar offers te bring vir 'n saak, dan behoort dit nie net vir 'n ideaal te wees waaroor daar gepraat word, maar wat nooit ten uitvoer gebring word wanneer die geleentheid hom voordoen nie," het mev. dr. J. S. du Toit, vroueleidster van die O.B. in Kaapland, verlede week op 'n vergadering op Ysterplaat ten huise van mnr. en mev. T. van der Spuy gesê.**

Wat het geword van die „silwerkoeëls" wat 'n paar jaar gelede vir die republiek ingevorder is, en waar staan die O.B.? **Wat was in die vrou se gedagte toe sy rondgestap en geld vir die republiek ingesamel het? Ons kan nie toelaat dat die vrou met al haar verpligtinge misbruik word vir 'n doellose stryd nie.** Wat die O.B. betref, hy het gekom met daardie pragtige leuse: Ek sal my mede-Afrikaner nie in die stryd verlaat nie. Hy wou die volk dien en help net waar hulp nodig was. Bevele van die O.B. het vol stadsale in belang van volksaangeleenthede gelewer. Ook die kerk was vol wanneer die O.B. sy mense daartoe opgeroep het. Watter kwaad het die O.B. dan gedoen? In daardie dae het die vyand van ons volk geskrik omdat hy die Afrikaner toe vir die eerste maal in die stad opgemerk het. **Maar toe die O.B. geslaan is, het niemand gewen nie. Alle sale was leër en die volk het verloor.**

### WAAROM NIE?

Die ideaal van 'n republiek leef in die hart van elke Afrikaner, en ook lede van die kabinet koester hierdie ideaal. Waarom ons die republiek dan nie kan kry nie, weet spr. nie. Daar word gesê dat ons om ekonomiese oorwegings die republiek moet los, **maar die lewenskoste word steeds hoër en die republiek sak steeds verder weg. Wat het ons dan?**

Daar word vir ons gesê dat ons die Statuut van Westminster het waarin daar volkome vryheid vir ons opgesluit is. **Maar spr. wil nie die Statuut van Westminster gaan lees om uit te vind hoe vry ons is nie, sy wil dit in die praktyk sien. Wanneer ons goewerneur-generaal nog op aandag moet staan vir die speel van God Save The King op staatsfunksies met slegs 'n paar maatstrepe van Die Stem agterna, dan het ons nog nie wat ons onder vryheid verstaan nie.**

### VERONGELUK

**Maar spr. wil waarsku dat die organisasie wat teen 'n republiek gaan, homself nog altyd in ons geskiedenis vernietig het. Ons is baie dankbaar dat ons 'n Afrikanerbewind het, maar ons moet nooit so bly oor hierdie feit wees dat ons vergeet vir watter doel hulle aan bewind is nie. Die republiek was die dryfveer in die verlede agter hierdie Afrikaner-oorwinning en dit moet onthou word.**

Ons het as leuse aanvaar dat ons ons mede-Afrikaner nie in die stryd sal verlaat nie, maar ons het ook 'n plegtige eed geneem dat ons volhardend sal stry vir die republiek op die voetspore van ons voorgeslagte. Ons staan vir 'n republiek en ons werk vir 'n republiek en ons wil die moed hê om te volhard in ons strewe selfs al word ons gedruk deur dinge soos ekonomiese toestande. **Ons vra ons mede-Afrikaners om ons nie te belet om te pleit vir daardie republiek wat ons almal saam so hard voor gestry het nie, het** mev. Du Toit besluit. Die vergadering is gelei deur die kommandante, mev. M. M. van Rooyen, en met gebed geopen deur mnr. H. A. Heyns, kommandant van Observatory.

# *Liggame Met Status*

'n Versoek aan boere van Suid-Afrika om hulself te organiseer „in 'n liggaam met 'n status wat die stem van die landbouer in die hoogste kringe sal laat hoor," is deur mnr. G. P. Rossouw, president van die Suid-Afrikaanse landbou-unie, gedoen.

Die liggaam met status wat mnr. Rossouw begeer, kan verkry word wanneer daar in 'n nuwe staatstelsel ook verteenwoordiging gegee word aan ons land se ekonomiese belange, dit wil sê ook aan die boere. Hulle kan dan hul verteenwoordigers na die parlement stuur in plaas van afvaardigings na die minister.

DIE O.B., WOENSDAG, 23 MEI 1951

# GEEN KEER

Van tyd tot tyd het Die O.B. gewaarsku teen die gevaar dat bestaande stelsels die weg voorberei vir die kommunisme onderwyl van staatsweë grootskaalse en dure voorbereidsels getref word om die kommunisme met wapengeweld die hoof te bied. Verlede week het 'n deskundige op finansiële gebied, dr. J. E. Holloway, dieselfde feit beklemtoon toe hy dit gehad het oor die huidige geldstelsel. Dr. Holloway is iemand wat met gesag kan praat omdat hy, soos hy ook te kenne gegee het, lank genoeg tyd gehad het om die geldmagte van naby aan die werk te sien. Hy het die willekeurige waardebepaling van geldeenhede deur regerings genoem as die wortel van die inflasie-euwel en aangetoon hoe hierdie euwel wel beskerming bied vir die ryke wat sy geld in vaste eiendom en aandele kan belê, maar juis die arm en middelklasman wat sy papiergeld nie kan gaan omskep in ander waardemiddels nie, belas. **Hoe onregverdig hierdie stelsel werk, het geblyk uit die devaluasie van ons pond in 1949 in navolging van Brittanje. Die koopwaarde van aandele op die Johannesburgse beurs is onmiddellik met £126,000,000 verhoog, maar al verhoging wat die gewone broodwinner ondervind het, is 'n styging van die lewenskoste, teen 'n ongekende en ondraaglike tempo.**

Volgens dr. Holloway is dit onmoontlik om binne die huidige geldstelsel ooit weer 'n keer aan inflasie te bring. Dit is dan ook opvallend dat terwyl ons eie regering hulle die een na die ander verontskuldig met die verskoning dat dit buitelandse faktore is wat die lewenskoste beheer elke ander regering in die buiteland — onlangs nog weer die Britse minister van finansies — presies dieselfde bewering maak.

Hierdie proses, aldus dr. Holloway, moet uiteindelik uitloop op kommunisme. Maar intussen is die regerings van die kapitalistiese lande besig om op grootskaal te bewapen teen die kommunisme — wat nog 'n verdere styging op die aandelemark teweegbring en die lewenskoste nog hoër opjaag.

**Die middel wat die regerings van kapitalistiese lande dus eintlik aangryp om die kommunisme mee te beveg, is juis 'n middel wat kommunisme verder bevorder. Dog om die bestaande orde waarop die kommunisme juis wortelskiet, te vervang deur iets beters, is 'n gedagte wat by die heersers van die Weste blykbaar nooit opkom nie, en al sou dit by hulle opkom, besit hulle nie die daadkrag om uitvoering daaraan te gee nie — dit bewys ons eie land waar geen regering eers kans sien om 'n verouderde, durabele, ontwrigtende provinsiale raadstelsel, wat almal veroordeel, deur iets beters te vervang nie.**

# Verslete Haat

Dr. Malan het verlede week in 'n oorsig van wêreldtoestande verwys na die noodsaaklikheid om die vriendskap en samewerking van Duitsland te wen soos MacArthur dit reggekry het in die geval van Japan. Dit is goed dat daar ook uit Suid-Afrika 'n stem opgaan wat tot besinning roep. Dit is een van die onverstaanbare dinge in die wêreld vandag dat die Europese staatsmanne, en by name die Britse en Franse, hulle ten spyte van die grootste bedreiging wat nog ooit uit die Ooste omhoog getoring het, nie kan loswoel van 'n oorlog wat twaalf jaar gelede ontbrand en ses jaar gelede reeds in hul guns beslis is nie. Inteendeel, die oorlog word nog steeds voortgesit teen burgers van die voormalige Duitse staat op velerlei wyse. Daar is 'n magtige deel van die volk wat ontburger is weens hul lidmaatskap aan organisasies wat op die tydstip van hul lidmaatskap heeltemal wettig was, ook in die oë van die Westerse demokrate. Daar is 'n groot deel van die soldate wat hul plig gedoen het, soos van enige soldaat verwag word, wat vandag in die tronke kwyn, en daar is nog ander wat al ses jaar lank sonder verhoor in tronke aangehou word deur diegene wat vir demokratiese vryheid voorgegee het te veg. Dit is maar 'n paar van die dinge wat die Duitse volk so bitter stem dat hy vir die Weste waardeloos is in die stryd teen Rusland.

**Waar daar van Suid-Afrika verwag word om ook sy offers te bring ter verdediging van die Weste, kan ons regering die volste vrymoedigheid hê om nie net in toespreke nie, maar ook in die konferensiekamers bepaalde eise te stel aan diegene waarmee hy moet saamveg.** Wanneer van Suid-Afrika se seuns verwag word om hul lewens in Korea te gee in die stryd teen die kommunisme, en later miskien in Europa, is dit nie net 'n reg nie, maar ook 'n plig van ons regering om te eis dat alle haatlikhede teen potensiële bondgenote soos Duitsland en Japan stopgesit moet word voordat hy sy medewerking gee.

**Ons wil dus hoop dat ons eerste minister dit nie net by openbare meningsuitings sal laat nie, maar ook die nodige diplomatieke middels sal aanwend om die sotterny teen Duitsland te beëindig te kry.**

# Van Die Os Op Die Esel

## Deur Sybrand

### *Die Vlaminge*

Ek het so pas my Vlaamse pos ontvang. Dit is vir my altyd besonder interessant om die standpunt van die Vlaamse nasionaliste uit hul koerante en tydskrifte te verneem.

Die Vlaminge is die Nederlands-sprekende inwoners van Vlaandere, wat 'n provinsie van die staat België is. Vlaandere grens aan Holland. In die suidelike gedeelte van België wat aan Frankryk grens woon die Frans-sprekende inwoners van België, wat bekend staan as die Wale. Die Vlaminge se groot stryd is om hulle volkskap en hulle taal te handhaaf teenoor die Frans-sprekende Wale en die Fransgesinde Vlaminge — die Frans Kiljons — wat gerugsteun word deur die magtige Franse buurstaat.

Die Vlaminge, die Hollanders, en die Afrikaners staan bekend as die Dietse volk. Dit is 'n versamelnaam om ons taal verwantskap aan te dui.

Die Vlaminge en die Afrikaners aard baie na mekaar. Albei volke woon in meer-volkige state en albei volke moet 'n voortdurende opdraande stryd voer om hulself en hulle taal te bly handhaaf. Die Vlaminge moet veg teen die Wale en die Frans Kiljons; die Afrikaners moet veg teen die Engelse en die Verengelsde Afrikaners. Die Vlaminge het die groot moontheid, Frankryk, as vyand in die agtergrond en die Afrikaners het die groot moontheid, Brittanje as sy vyand in die agtergrond.

### *Die Stelling van die Probleem*

Die stryd wat die moderne Vlaamse nationalis moet voer — „de onmisbare hervormingen met bekwame spoed af te dwingen" — is ongetwyfeld vir die Afrikaners wat aan die Ossewabrandwag behoort van groot belang. En as 'n mens die Vlaming se uiteensetting van sy moeilikhede aanhoor, dan kan die begrypende O.B.-lid aan sy Dietse verwant uitroep: juistement. Luister na die volgende probleemstellings:

„De grote moeilikheid is, het parlement en de regering tot een prachtig optreden te bewegen. Hoe krygen we dat gedaan De partybonzen hebben nu eenmaal een ziekelyke voorliefde voor compromis-oplossingen, die telkens op een foppery voor Vlaanderen uitlopen; de strak unitaire organisatie van de staatspartyen is een andere lelyke handicap. Hoe men de zaak ook draaie of gere, er bestaat o.i. slechts een uitkomst: het sturen naar het parlement van een troep vasberaden Vlaamse mannen, die zicht aan de dodende party tucht beslist weigeren te onderwerpen."

Dit is taal wat elke O·B.-lid verstaan. Maar luister nou verder: „In Vlaanderen lopen er nog te veel blaffende, jankende honden rond die niemand vreest. Het is aan bytende honden dat wy behoefte hebben."

Dit is taal wat elke O.B.-lid toejuig.

### *Duitse Standpunt oor Oorlog*

Nadat 'n Vlaamse joernalis in Duitsland gereis het, het hy die hedendaagse Duitse standpunt oor samewerking met die Weste so uitstekend opgesom dat ek dit hier herhaal. Hy laat 'n denkbeeldige Duitser soos volg praat:

„In die veronderstelling dat wy, Duitsers als volwaardige bondgenoot by de verdediging van het Westen worden betrokken, zyn er toch enkele vragen waarop wy eerst een duidelyk antwoord zouden wensen te krygen. Gesteld wy honderd persent meedoen, mogen wy er dan vast op rekenen dat ook Frankryk, waar ten minste een vierde der bevolking communistisch is, de nodige inspanning zal leveren? En België dat ten gevolge van de koningcrisis, die ruzie tussen Vlamingen en Walen en de stryd tussen witten en zwarten zo diep aangevreten is? En Italië waar de handlangers van Stalin toch ook een grote macht verteenwoordigen?

„Men verwyt ons dikwels, opportunisten te zyn die er vooral om bekommerd blyven, het voor de party op te nemen die de sterkste macht achten zich heeft. De wyse waarop thans China door Engeland en Frankryk — en zelfs in een zekere mate door de V.S.A.—bejegend wordt wyst er well op, dat in de huidige buitelandse politiek niet de moraliteit maar hoofdzakelyk de brutale machts faktor de doorslag geeft. Wat hebben wy vroeger allemaal moeten horen omdat wy niet, nuchter dachten! Welnu, al wat wy in de loop der jongste twaalf jaar hebben meegemaakt heeft ons eindelyk voldoende ontnugterd om koude berekenaars te worden."

Dit lyk vir my een ding is baie seker. Die Duitsers gaan onder geen omstandighede toelaat dat die Amerikaners, die Engelse, of die Franse tot die laaste Duitser-toe sal veg teen die kommuniste nie. Die Duitsers sal slegs saam met die ander nasies veg mits die oorwinning wat behaal moet word ook tot voordeel van Duitsland, as sodanig, sal strek. Dit is my standpunt ook vir die Afrikanervolk. Die Afrikaners sal saam met die ander volke veg mits die beoogde oorwinning direk in hul belang sal wees en nie slegs in die Britse Empire se belang nie.

### *Gerugte dat Stalin Siek is*

Ek lees ook in die Vlaamse pers dat daar opnuut gerugte die ronde doen oor 'n ernstige politieke krisis in Rusland. Dit wil voorkom asof Josef Stalin se gesondheidstoestand baie sleg is en dat daar ernstige rekening gehou word met sy vroegtydige dood. Die politieke krisis waarvan daar sprake is, staan in verband met die jaloesie en naywer oor die kwessie van opvolging.

Ek het altyd verneem dat daar drie aanspraakmakers op Stalin se diktator-stoel is, aldrie manne is lede van die Politburo — die opperste raad in Sowjet Rusland. Hul name is: Molotov, Malenkov en Beria. Laasgenoemde is 'n wetenskaplike en staan aan die hoof van die Russiese atoombedryf. Nou verneem ek dat Malenkov sy lot by Molotov ingegooi het en dat die stryd slegs tussen Molotov en Beria voortwoed. Molotov word beskou as „gematigd" en dit word ook verwag dat hy 'n vergelyk vir die vrede met die Weste sal probeer tref. Beria, daarenteen, is die selfversekerde ekstremis, met hom sal die Weste glo geen huis kan hou nie.

Indien Stalin lank genoeg lewe en die stryd tussen Molotov en Beria begin 'n georganiseerde vorm aanneem dan is dit baie Waarskynlik dat Stalin sal ingryp. En dan sal hy ongetwyfeld minstens een van die aanspraakmakers en sy gevolg op genadelose en bloedige wyse uitsuiwer.

### *Kommunisme is Godloos*

Ons in Suid-Afrika is alte geneig om te vergeet dat die kommunisme 'n goddelose leerstelling is. As ons aan die kommunisme dink dan onthou ons net dat dit 'n gelykstellingsleer tussen wit en swart is. Maar die kommunisme is bo alle twyfel die magtigste en aggressiefste uitdager wat die Christendom in sy 2,000 jaar van bestaan die hoof moes bied.

'n Woordeboek wat onlangs deur die Russiese staatsdrukker uitgegee is herinner op treffende wyse aan die God-lose aard van die kommunisme. Hier is 'n paar aanhalings uit die woordeboek:

„Bybel: 'n Boek waarin 'n fantastiese versameling legendes sonder wetenskaplike grond opgeteken is."

„Godsdiens: 'n Fantastiese geloof in God, Engele en Geeste wat hoegenaamd geen grond het uit enige wetenskaplike gesigspunt nie. Godsdiens word net aangewend in die belange van die reaksionêre klasse. Dit dien om die werkende stande te onderdruk en die gegoede klasse te versterk. Die uitwissing van die ryk gemeenskappe en die daarstelling van kommunistiese samelewings vernietig die basis van godsdiens en vervang sy leuens met die wette van die natuurwetenskap."

Dit stem tot nadenke dat die Christelike volke in die twintigste eeu om dieselfde raadstafel sit met heidense kommuniste wat die Christendom as 'n historiese leuen bestempel en wat openlik spot met Christelike bgrippe van waarheidsliewendheid, eerbaarheid en naasteliefde.

Dit mag praktiese politiek wees, maar is dit praktiese Christelikheid? Die Christen kan nie God dien en met die duiwel oorleg pleeg nie. Ek hou vol dat die Christen-volke die kommunistiese gesantskapsneste in hul lande moet uitroei; hoegenaamd geen betrekkinge moet handhaaf of onderhandelings moet voer met kommunistiese regerings nie; en sodanige regerings as misdadigerbendes moet beskou wat tereggestel en deur wettige regerings vervang moet word.

NET 'N PAAR ITEMS

om u in staat te stel om ons pryse te vergelyk

Boston Potlood-skerpmakers ... ... ... ... ... @ 15/- elk
Mercury Draadheg-masjiene ... ... ... ... ... @ 29/6 elk
Dubbele Glas-Inkpotte ... ... ... ... ... ... ... ... @ 6/9 elk
Afrolpapier, 13 dm. x 8 dm. ... ... ... ... @ 7/- per Riem
Tikpapier, 13 dm. x 8 dm. ... ... ... ... @ 7/8 per Riem
Tikpapier, 10 dm. x 8 dm. ... ... ... ... @ 5/7 per Riem
Losblad Grootboeke — alle groottes in voorraad, pryse vanaf £3/5/-

*Alle Kantoorbenodigdhede voorradig — Dit sal u betaal om u volgende bestelling by ons te plaas.*

SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.

Groote Kerkgebou 322, KAAPSTAD - Telefoon 2-7071

## *Herinneringe uit die Vryheidstryd (7)*

# KOERANT MOES SWYG WANNEER MINISTER DIT BEGEER

**Die voorstel van die regering vir 'n eie vlag vir Suid-Afrika het die Britse jingo's uit hul skuilhoeke laat kruip. 'n Geraas en getier deur die Engelse pers aangeblaas, het opgestyg asof pogroms vir hul uitmoording aangekondig was. En soos partye doen, het die S.A. Party dit meteens aangegryp as 'n stok om die regerende party mee te slaan. Met Johannesburg as die middelpunt waar die anti-vlagkomitee gesetel was, is 'n ongekende groot agitasie op tou gesit. Om vir my onbekende oorsaak het dit spoedig geblyk dat dit meer lawaai van 'n klein minderheid was as iets anders. My taak was om die redaksieleiding en deur hulle die betrokke minister op hoogte van sake aangaande die agitasie te hou. Die lawaai was egter so groot en venynig, binne en buite die parlement dat dit tog die regering tot ongerustheid gestem en uiteindelik huiwerend laat voortgaan het met die wetsontwerp. Daar is gesoek na enige moontlike oplossing en so is prof. J. J. Smith en mev. E. G. Jansen na die Rand gestuur vir samesprekings in die soek na 'n oplossing.**

**Dit het al spoedig geblyk dat die lawaai groter is as die stukrag agter die agitasie en dat die regering beter sou vaar om 'n volkstemming te laat plaasvind. Hiervoor was die opposisie juis die bangste. Ek het uitgevind dat die vlagkomitee by verre nie voldoende fondse het om met sukses hul stryd te voleindig nie. Na die vlagwet wat aangeneem en die komitee gelikwideer was, was daar nie eens geld om die aangegane koste te dek nie. Die regering was verniet bang. Dit is jammer dat toegewing gedoen is eerstens om 'n plek vir die Union Jack te gee en tweedens 'n kompromis-vlag aan te neem wat niemand ooït sal lief kry nie.**

Tielman Roos het gedurende hierdie vlagstryd die eerste tekens van moeilikheid laat blyk en aan 'n Sentrale Party begin dink. Dit was sy wenk aan die opposisie om die vlag met die Union Jack daarop voor te stel.

### TIELMAN ROOS

Onderwyl die stryd nog aan die gang was, vertrek Roos na Johannesburg waar hy die jaarlikse groot Afrikanerdagbasaar sou open. Die Engelse pers was reeds vol van die moontlikheid vir die stigting van 'n Sentrale Party en van Roos se idee daaromtrent. Daar was aanduidings dat hy van die geleentheid van sy besoek aan die Rand gebruik sou maak om sy Sentrale Party aan te kondig. Altans die Rand Daily Mail het dit so te kenne gegee en dit laat voorkom as of hy in noue voeling met Roos verkeer. Wat eintlik alles agter die skerms plaasgevind het, kon ek nie uitvind nie. Almal was egter onder die indruk, selfs ook die eerste minister in Kaapstad dat Roos sonder verwyl sy nuwe party sou aankondig. Sonder verlof selfs het hy uit die volksraad afgesit Rand toe op 'n oomblik dat sy teenwoordigheid baie nodig was en in politieke kringe wilde stories rond gegaan het. Pogings van genl. Hertzog om hom dadelik terug te kry in Kaapstad het misluk, so veel so dat hy blykbaar veronderstel het dat sy telegramme Roos nie bereik nie. Handelende in opdrag van die eerste minister moes ek hom probeer vind en 'n sekere telegram aan hom oorhandig. Hy was reeds êrens op die Rand. 'n Paar dae later sou hy die basaar open. Intussen het die Afrikanerdagkomitee vergader en daar is aan my opgedra om te gaan meedeel dat as hy 'n woord op die basaar van 'n Sentrale Party sou rep hy van die verhoog gepluk en die deur uitgesit word. Die gemoedere in nasionaalgesinde kringe het begin hoog loop as gevolg van die artikels in die Rand Daily Mail. In Pretoria was dit nie anders nie volgens Johan Schoeman my telefonies meegedeel het. Hulle wou net weet wanneer hy daar aankom.

### GESWYG

Ek het Tielman in die Rand Club die agtermiddag aangetref, die telegramme aan hom oorhandig en ook die boodskap van die komitee gegee. Sonder enige kommentaar en met

**Deur J. A. Smith**

'n glimlag het hy my aangehoor en die praatjie in ander rigting probeer stuur. Ek kon egter merk dat hy bietjie ongemaklik voel en my sending nie waardeer het nie. Ek het hom van Schoeman se boodskap dat hulle hom sou vra om sommer by die stasie om te draai as hy sulke planne het, verwittig.

In sy toespraak by die opening van die basaar het hy egter niks aangaande 'n Sentrale Party gesê of selfs iets waarteen 'n mens beswaar kon maak nie. Maar Roos het van nou af meer invloed verloor as wat hy ooit later veronderstel het toe hy weer van 'n Sentrale Party begin praat en selfs probeer stig het. Maar hy was blykbaar op 'n stryd teen die ander leiers uit.

### KEER TERUG

In Kaapstad het die eerste minister dinge gereed gemaak om onmiddellik as dit nodig mag word die parlement te verdaag en ministers wat Roos se plan sou beveg, plekke aangewys waar hulle openbare vergaderings sou hou om die skok wat Roos se uittrede sou veroorsaak te voorkom. Maar Roos het teruggekeer parlement toe sonder in die openbaar 'n woord van sy Sentrale Party-planne te rep. Wat in die kabinet gebeur het, weet ons nie. Hy het nog aangebly as minister en die Sentrale Party-affêre het vergeet geraak. Eers weer jare later het hy, na hy uit die kabinet en op die regbank was, skielik met die ou plan te voorskyn gekom.

### WRYWING

Intussen het my werksaamhede in Transvaal ook begin ten einde loop. Telkemale het my beriggewing of artikels nie gestrook met die hoofredaksie-leiding nie. Ook was die regering in homself maar taamlik verdeeld, ek bedoel die ministers onder mekaar en min was nodig om wrywing aan te wakker.

Die grootste oorsaak van mislukking van partyregerings is dat daar onder die stemgeregtigdes altyd botsende belange is en so ook botsende partybelange. Wat die een groep verlang wil die ander nie verdra nie. Werkgewer en werknemer byvoorbeeld kan feitlik nooit terselfdertyd tevrede gestel word nie. Soms moet die party wat aan bewind is maar die mense fop of 'n rat voor die oë draai. **En dit is wonderlik hoe lank dit mense neem om te besef dat hulle gefop of mislei word.**

### BRANDEWYN

In die Boland was die wynboere baie ontevrede omdat hulle geen mark kon vind vir hul beste klas brandewyn nie. Die afset van whisky was in verhouding groter as die van goeie brandewyn. Maar hoe dit kom dat dit so is, was nie duidelik nie. Daar is toe gevra om hoër invoerbelasting op whisky. En dit is verhoog met 3/- per proefgelling, soos dit geheet het. Ek kry opdrag om in Johannesburg te probeer uitvind hoe dit kom dat die handel whisky in plaas van brandewyn stoot. Daar moet een of ander beheer of konneksie wees. Sulke opdragte neem soms weke om uit te voer. Dit gaan baie moeilik om op die spoor te kom en die regte mense te vind wat jou die vereiste inligting kan gee. Ek dink o.a. hoe ek gesukkel het om die Johannesburgse vleismark-geknoei indertyd te openbaar. Die groothandel-slagters was baie slim kêrels, en geen regering het tot daardie tyd mense in die groothandel kon vaspen en belet om die produsente te kul nie.

### OORSESE BEHEER

**Uit my ondersoek blyk dat die oorsese whisky-kartel wat die hele handel in Frankryk en Kanada beheer, ook belang in die groothandel in S.A. gehad het. Die groothandel op sy beurt voorsien drank aan die kleinhandel alleen op voorwaarde dat soveel van dit en so veel van dat geneem word.** Met ander woorde hulle verkoop sekere dranke en hoeveelhede op voorwaarde dat 'n sekere persentasie whisky moet wees. Watter mag die whisky-kartel wat 'n wêreld-kartel is, het, blyk ook uit die beheer wat hulle oor die graanmark gehad het wat die vaspen van pryse betref. Die grootste kopers in Europa was hulle. Hierdie inligting kon ek deur middel van die voorsitter van die Skotse Landbou-unie, Henderson, kry en ek is bygestaan deur hom daar hy juis net op besoek in Johannesburg was. **Hy het ook bewys dat vir die ekstra belasting van 3/- per proefgelling daar, om dit so uit te druk, net meer water bygevoeg word. Ontleding het bewys dat die whisky in Engeland veel sterker is as die wat na Suid-Afrika uitgevoer word. Met ander woorde die graad van whisky is nie vasgestel by die heffing van die hoër invoerbelasting nie. Hierdie dinge het ons gepubliseer. Die drankhandel was kwaad en die betrokke minister net so. Ons het 'n haas opgeja. Die koerant is deur dreigemente verplig om die bewerings weer te ontken — iets waaroor ek baie beledig gevoel het.**

### PREDIKANT AANGERAND

Een oggend stap ds. Wm. Nicol, nou administrateur van Transvaal, maar toe predikant in Johannesburg, my kantoor binne met 'n beëdigde verklaring van ds. Esra Pienaar van Ventersburg. Daarin vertel hy hoe hy een nag (toe drie weke gelede) op die trein êrens tussen De Aar en Naauwpoort geklim het. Al die deure van kompartemente was toe. **Na hy 'n uur of meer buite in die koue moes staan en reeds tweemaal tevore die kondukteur, ene Lawrence, elke maal versoek het om 'n sitplek, het hy hom die derde maal weer genader en is hy deur die man in die gesig geslaan en gevloek omdat hy Afrikaans met hom praat. Die slag was so geweldig dat ds. Pienaar se gesig erg beseer en stukkend was.** By sy aankoms op Ventersburg het hy die beëdigde verklaring aan die hoofbestuurder se kantoor in Johannesburg gestuur in die hoop dat die man gestraf sou word.

### MET ONTSLAG BEDREIG

Ek maak 'n afskrif en telegrafeer dit die Vrydagmiddag aan my blad. Saterdagoggend verskyn die berig wat groot konsternasie in parlementêre kringe en daarbuite veroorsaak het. Maandagmiddag antwoord die betrokke minister op 'n vraag van die lid van Oudtshoorn dat hy die berig gesien het en ondersoek laat doen. Maar hy voeg by dat as mense sulke gebeurtenisse liewer by die regte plek sou aanmeld in plaas van na die pers te gaan, handelend opgetree sou word. Dit was gesê, soos ek meen, op 'n bewering dat die hoofkantoor nog nie van die saak gehoor het nie. **Ek ontvang van die nuusredakteur 'n brief dat hy verstaan dat ek ontslag gaan kry, daar die betrokke minister baie kwaad is oor die berig en lid is van die direksie van die pers wie se amptenaar ek is. Ek kry toe 'n klerk in Sir William Hoy se kantoor om na die lêer te soek waarin die beëdigde verklaring is, want dit is aan hom gestuur. Kort na vyfuur daardie middag bring hy my heimlik die lêer op die buiteblad waarvan aangeteken is dat „as die saak weer geopper word, dit na die betrokke afdelingsbestuurder verwys moet word."**

Gewapen met hierdie gegewens kon ek aantoon dat die minister mislei is deur sy hoogste amptenaar. **Ek kry toe op-**

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

**drag om na hoofkantoor in Kaapstad te kom, waarskynlik om onder die oog te kom. Aan my is toe die taak opgedra om indrukke in die volksraad te skryf wat ek twee jaar lank gedoen het en weer met dieselfde minister oorhoops geraak het.** Daarna het ek die betrekking van nagredakteur ook vir twee jaar beklee en toe die van redakteur van die naweekse byvoegsel. Na ek my twee-en-twintig jaar lank aan die joernalistiek gewy het, het ek uitgetree om voltydse diens in die Ossewabrandwag te aanvaar, met verlies van my pensioenvoorregte.

## S.A. Sal Gebiede In Noorde Beskerm

**In 'n verklaring wat hy verlede week in die parlement gedoen het, het dr. Malan openbaar dat die regering dit as beleid aanvaar het om in 'n volgende oorlog troepe buite die grense van Suid-Afrika te stuur so ver as die Midde-Ooste.**

Hy het gesê dat ons nie meer troepe uit Suid-Afrika kan laat gaan as wat die binnelandse veiligheid toelaat nie, maar ons het meer kragte as dit en daardie kragte sal gebruik word om die gevaar buite ons grense af te weer. **Suid-Afrika neem dus die gebiede ten noorde van hom in sy beskerming sover daar ooreengekom word en dit in sy vermoë is. Die eintlike poort tot Afrika is die Midde-Ooste en daarom is daar reeds te kenne gegee en het daar samesprekings plaasgevind met ander betrokke lande in verband met die beskerming van die Midde-Ooste, om die vyand daar te keer.**

Dit is reeds ooreengekom, maar die besonderhede word geheim gehou.

## *Beter Stelsel Van Plaaslike Bestuur Nodig*

**Die afskaffing van stads- en dorpsrade soos hulle nou saamgestel is, en hul vervanging deur 'n permanente besoldigde burgemeester, moontlik bygestaan deur drie assessore, is deur die burgemeester van Pretoria, mnr. J. H. Visse, in 'n toespraak bepleit.**

Mnr. Visse het gesê dat weens die gebrek aan openbare belangstelling dit nie altyd die beste lede van die gemeenskap is wat na vore kom om in plaaslike besture te dien nie. Dit gebeur ook selde dat iemand wat gewillig is om in die hoedanigheid diens te doen, enige vorige ondervinding in die rigting het.



# MacARTHUR STAAN STERK AS VOLKSFIGUUR

**Indien pres. Truman en die leiers van sy Demokratiese Party die hoop gekoester het dat die opgewondenheid van die Amerikaanse bevolking oor die ontslag van genl. MacArthur deur die toestaan van luisterryke optogte en massa-betogings en een of meer formele toesprake in die Kongres sou bedaar en spoedig tot die vergetelheid sou behoort, het hulle hul deerlik misgis**

**In die eerste plaas het die verwagting- of vrees-oortreffende ontvangs van MacArthur in San Francisco, Washington en New York getoon dat dit nie hier 'n geval van die blote uiting van 'n massa-sielkundige behandeling was nie, maar dat die meegevoel van die Amerikaanse volk met MacArthur uit die diepe instinktiewe aanvoeling spruit dat dit hier gaan om diepliggende beslissings wat van die grootste betekenis vir die huidige en toekomstige belange van Amerika is.**

Die generaal het deur sy verklaring in San Francisco dat hy geen voorneme het om aan die partypolitiek deel te neem of enige politieke oogmerke het nie, die persoonlike spiespunte afgebreek wat die Demokrate in hul stryd teen hom sou wou gebruik het indien hulle rede gehad het om die saak uit ander oogpunte te vrees.

Vir MacArthur gaan dit egter net om die saak self, en hy het hierdie saak in sy boodskap aan die Kongres op 19 April op klassieke wyse gestel. **Hier het nie 'n man gepraat wat net reg begeer nie; nog minder 'n man wat verbitterd is oor die behandeling wat hy ontvang het, en allermins 'n man wat persoonlike kapitaal uit 'n tragiese toestand wil slaan.**

Hier het 'n man wat met sy 71 jare, waarvan 52 diensjare in uniform was, uit die rykdom van sy groot ervaring, wat sowel vrede as oorlog behels, sy testament aan sy volk voorgelê.

Jammer dat die afskeidsrede van die beroemde generaal en president Washington net in gedrukte vorm oorgebly het — dit sou ongetwyfeld net soos die toespraak van MacArthur geklink het waar hy afskeid geneem het van 'n lewe van diens, 'n lewe van stryd en 'n lewe van welslae.

Dit was eintlik geen toespraak en allermins 'n selfverdediging, dog dit was 'n politieke testament.

### KENNIS VAN ASIË

**Met sy grootmoedigheid en diepe insig in die sielkunde van die Asiatiese volke, het MacArthur sodanige lof vir die hoedanighede van die Philippyne, die Japanners en Koreane, en seker nie minder die Sjinese nie,**

> **Die Buiteland In Oënskou**
> ***Deur „Ski"***

**dat die vraag ontstaan onder watter leiding en gevolglik in watter rigting sal hierdie groot eienskappe van die Asiatiese volke hulself laat geld.**

Met meesterlike logika het MacArthur aangetoon dat die oorspronklike oorlogsdoel in Korea, nl. die terugdrywing en bestraffing van die Noord-Koreaanse Kommuniste bereik was toe die seëvierende Amerikaanse en Suid-Koreaanse troepe (waartoe 'n paar V.V.O.-kontinente ter versiering toegevoeg is) die Jaloe-rivier bereik het. **Die militêre optrede van die Rooi Sjinese op daardie oomblik het 'n nuwe oorlog ingelui wat nuwe politieke en militêre beslissings en maatreëls noodsaaklik gemaak het. Dit was en is die kern van die saak.**

### NIE GERAADPLEEG

Met nadruk het MacArthur daarop gewys dat hy nie net by die oorspronklike beslissing om militêre stappe teen Noord-Korea te doen nie geraadpleeg was nie, maar dat ook sy latere versoeke om hierdie nuwe politieke en militêre beslissings onbeantwoord gebly het. **Washington is tevrede om die nuwe oorlog met Sjina nog steeds as 'n politieke optrede in Korea te beskou en te behandel.**

Hieruit vloei voort die slotsom van alle militêre kenners — selfs ook in die kraal van Truman— **dat die huidige oorlog in Korea met die huidige middels nie tot 'n seëvierende einde gebring kan word nie, dog 'n eindelose wedersydse slagting sonder militêre of politieke betekenis bly.**

### OORLOGSDOEL

Daarteenoor stel MacArthur sy standpunt dat hoewel hy nie in die minste 'n oorlogshitser is nie, die doel van enige oorlog is om dit op die vinnigs moontlike wyse tot 'n oorwinnende einde te bring met 'n daaropvolgende vredesluiting, en nie 'n eindelose, doellose slagting nie. Die bereiking van so 'n oorlogsdoel wat sowel in belang van die vegtende troepe as die burgerlike bevolking is, sien MacArthur in die volgende maatreëls:

(1) Bombardering van die aanvaller se oorlogsbasisse in Mantsjoerye.

(2) Doeltreffende ekonomiese blokkering van Rooi Sjina.

(3) Strenge seeblokkade van die Sjinese kus.

(4) Ondersteuning van die Nasionaal-Sjinese leër op Formosa om sy optrede teen die vasteland van Sjina moontlik te maak.

### LUG- EN SEEMAG

Met nadruk het MacArthur ontken dat hy ooit die gebruik van landmagte teen Sjina voorgestaan het, dog dat die Amerikaanse vloot en lugmag in staat is om elke Asiatiese hawe van Wladiwostok tot by Singapoer te blokkeer, mits die beskermende ketting van eilande waarvandaan die lug- en seemag moet opereer, behoue bly. **Onder geen omstandighede dus mag Formosa in die hande van die Sjinese Kommuniste val nie.** Soveel sou die weg baan na die verowering van die Philippyne en Japan deur die Kommuniste, met die gevolg dat die hele eilandketting middeldeur gebreek sou word en die Kaliforniese kus van Amerika bloot lê vir die aanvallende vyand. Dit is onmoontlik om die oorredende logika van MacArthur te betwis — net soos dit onmoontlik is om onoortuig te bly van sy uitstaande persoonlikheid en selflose vaderlandsliefde.

# INDIËRS AAN SPITS VAN GROOT BENDES SKURKE IN GOUDSTAD

Die bestaan van bendes misdadigers in Johannesburg wat spesialiseer in sekere tipes misdaad en feitlik sonder enige uitsondering onder leiding van Indiërs staan, is nou vasgestel uit inligting wat die Johannesburgse speurdiens bekom het.

Die Indiërs wat aan die hoof van sake staan, doen al die voorbereidingswerk en dinkwerk in verband met 'n aanslag, maar die werklike uitvoering van die misdaad word aan die ondergeskiktes oorgelaat. Hierdie ondergeskiktes staan weer onder bevel van „luitenante" wat op hulle beurt ondergeskik is aan die bevele van die groot hoof.

Die groot hoof van die organisasie verskyn selde op die voorgrond en al die werk word deur sy ondergeskiktes gedoen. Die persone wat die vuil werk doen en werklik die misdade pleeg, is gewoonlik naturelle wat of gehuur word of 'n deel van die opbrengste kry.

Daar word verneem dat baie inbrake by huise en fabrieke deur hierdie bendes gepleeg word. In die meeste gevalle word die gesteelde goedere onmiddellik na die platteland vervoer en daar aan plaaslike Indiërs verkoop, wat dit weer met groot winste van die hand sit.

### GOUD

Ander bendes lê hulle weer toe op onwettige goudhandel. Merendeel van die goud wat só onwettig die land uitgevoer word, is goud wat naturelle op die myne steel of op 'n ander onwettige wyse bekom. Dit word dan aan die groot base, die Indiërs, oorhandig wat dit onmiddellik na die hawens by Durban, Madeira en Lourenco Marques vervoer en daarvandaan gaan dit gewoonlik per skip na Indië, waar dit van die hand gesit word. Verskeie sake in verband met onwettige goudhandel het die afgelope paar maande voor die Hoërhof gedien en Indiërs was in die meeste gevalle die sondebokke.

Daar word deur gesaghebbendes geskat dat goud ter waarde van miljoene ponde jaarliks op hierdie wyse die land verlaat.

# Brittanje Is In Afrika Onmisbaar

**Dr. Malan het verlede week in die parlement weereens sy beleid ten opsigte van die Britse Statebond en die wêreld gestel en in verband met eersgenoemde te kenne gegee dat Suid-Afrika graag daarbinne wil bly en ten opsigte van 'n moontlike wêreldoorlog gesê dat Suid-Afrika sy plig sal doen.**

Dr. Malan het verwys na sy vorige uitlating in 'n persondernoud in verband met die gebeure in die Goudkus ten opsigte waarvan 'n Britse minister die hoop uitgespreek het dat die gebied dominiale status in die volle sin van die woord sal kry en binne afsienbare tyd lid van die Statebond sal wees. Spr. het sy stem hierteen laat hoor omdat hy dit in belang geag het van Suid-Afrika, van die Statebond en Brittanje self. Voorts het dr. Malan gesê:

„Brittanje was en is in Afrika 'n onmisbare beskawende invloed en Brittanje se leiding en voogdy in sy Afrikaanse gebiede kan nie gemis word nie — nie alleen in belang van die blankes nie, maar ook in belang van die nie-blankes."

Dit geld nie net vir die Goudkus waar 90 persent van die bevolking ongeletterd is nie, maar ook vir die ander Britse kolonies waar „Die beskawende invloed van Brittanje as voog nog vir geslagte lank nodig is."

### STATEBOND WAARDEVOL

Spr. se houding is nie alleen dat 'n veilige toestand in Afrika moet bestaan nie, maar ook dat die Statebond se hele karakter nie verander moet word nie, iets wat dit vrywel onmoontlik sal maak om langer in die Statebond saam te werk, **iets waaraan ons waarde heg.**

Met verwysing na 'n moontlike oorlog teen Rusland het dr. Malan gesê dat die redding hier nie by die V.V.O. lê nie, maar by noue samewerking tussen Amerika, Brittanje, Frankryk en ander Westerse lande. **Die herstel van vriendskaplike betrekkinge met die vroeëre vyande is 'n hoopvolle verskynsel en spr. wil hoop dat die ou haat teen Duitsland besig is om te verdwyn en dat die sienswyse sal seëvier dat ons veiligheid uiteindelik ook lê in vriendskap en samewerking met Duitsland.**

Wat die verdediging van Suid-Afrika betref, het dr. Malan gesê dat die Unie belang het by die verdediging van die hele Afrika en die Midde-Ooste. Die ander lande wat daarmee gemoeid is, is tevrede met die maatreëls wat deur die Unie getref word. In geval van 'n wêreldoorlog sal Suid-Afrika sy plig doen.

## *Dobbelgees In Brittanje*

Drie uit elke vier Britse volwassenes wed op perde- en hondewedrenne of op voetbalwedstryde, volgens amptelike statistieke wat in Londen openbaar gemaak is. Weddery is byna 'n algemene verskynsel in Brittanje, lui die verslag.

Dit blyk dat 44 persent van die volk geld op perdewedrenne verwed, 39 persent op voetbalwedstryde en 4 persent op hondewedrenne. **Tussen £180,000,000 en £250,000,000 word per jaar op perdewedrenne verwed en £50,000,000 op voetbalwedstryde.**

## *Tegemoetkoming Vir Ministers En L.V.'s*

Die volksraad het besluit dat 'n gekose komitee aangestel moet word om ondersoek in te stel na 'n pensioenskema op 'n bydraegrondslag vir parlementslede en kabinetsministers en om so 'n skema voor te lê.

**Daar is ook onlangs aangekondig dat ministers tans geen huur meer betaal vir hul wonings in Kaapstad en Pretoria nie — glo weens die hoë lewenskoste.**

**O.B. JAARGANGE**
**JAARGANG 1949—1950**
**Nou verkrygbaar teen £1 5s. elk.**
**PRAGTIG INGEBIND**
***VOORRAAD BAIE BEPERK***
**BESTEL DUS DADELIK BY:**
**VOORSLAG (EDMS.) BPK.**
**Groote Kerk-gebou 703 — Kaapstad**

Kotzé
**Kan met trots aanspraak maak dat sy kliënte onder die bes geklede klasse tel.**
**ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD**

# „Juweeltjies' uit Hansard: Lid Word Gelukgewens

**Hier volg nog 'n paaiement uit Hansard van die dinge waarvoor die volk betaal:**

MNR. MOORE: Die uitdrukking „die gelykheid van die tale" is nie 'n korrekte benaming nie. Wat hulle bedoel, is dit: gelykheid van burgers om hul eie taal te gebruik, watter taal hulle ookal verkies om te gebruik. Die tale self is nie die twee dinge wat vergelyk moet word nie, en sover as dit my betref, aanvaar ek die gelykheid van die tale heelhartiglik.

'N AGB. LID: Ek wonder of u dit doen.

MNR. MOORE: U wonder?

'N AGB. LID: Ja, dit is wonderlik.

MNR. MOORE: is dit wonderlik?

'N AGB. LID: Ja.

MNR. MOORE: As die agb. lid dink dat dit wonderlik is, dink ek ek het dit verduidelik omdat my omstandighede in Suid-Afrika tot op sekere hoogte ooreengestem het met syne, en sy uitdaging aan my is in die aard van 'n persoonlike uitdaging. Dit spyt my dat ek 'n persoonlike element moet insleep, maar ek dink dit is nodig om dit te doen om daardie stelling van hom dat dit wonderlik is, teen te spreek.

DR. VAN NIEROP: Dit was nie baie klaarblyklik toe u party aan die bewind was nie.

'N AGB. LID: Drink u medisyne.

MNR. MOORE: Ek het die beste jare van my lewe in Suid-Afrika gewy aan die opvoeding van die Afrikaanssprekende kind . . .

### GESELSERY

'N AGB. LID: Die arme kinders.

MNR. SUTTER: **Mnr. die Speaker, mag ek namens die agb. lid wat praat, 'n beroep op u doen. Dit is onmoontlik om te hoor wat aangaan. Dit is 'n lopende kommentaar en geselsery deurentyd.**

DIE WAARNEMENDE SPEAKER: Agb. lede moet hulle daarvan weerhou om geselskappe te voer en onnodige opmerkings te maak.

MNR. MOORE: Dankie, mnr. die Speaker. Ek het geen beswaar teen vrae en tussenwerpsels soos die wat ek net pas van die agb. lid vir Mosselbaai gekry het nie, want dit help my. **Maar hierdie geselsery is eintlik soos iemand wat 'n wedren uitsaai; daar is geen sin in die hele ding nie. Daar is geen tussenwerpsel waarop 'n mens reageer nie. Daar is geen punt daarin nie.**

**MNR. SUTTER: Dit het drie dae lank nie opgehou nie.**

MNR. MOORE: Dit is die sinnelose tussenwerpsels wat gemaak word. Maar dit terloops. Ek gee nie om nie. Ons is almal goeie vriende. Ek kom nou by die agb. lid vir Mosselbaai.

Ek wil nou voortgaan om te handel met artikel 137 van die Suid-Afrika-wet, want hier word ons beskuldig dat ons Engelssprekende mense tot agterdog en ontevredenheid aanhits. „Dit kan nooit hier gebeur nie", sê hulle. „Nooit sal artikel 137 herroep word nie." Hulle sal die beskermers van die Engelse taal wees. Dit kan nie gebeur nie. Maar dit is wat hulle gesê het in Hitler-Duitsland. Dit kan nie hier gebeur nie. Maar dit het reeds hier gebeur.

'N AGB. LID: Hoe?

MNR. MOORE Ek sal dit bewys.

MNR. OLIVIER: Tydens die Verenigde Party-bewind . . .

MNR. MOORE: Ek gaan vir u voorlees uit die ontwerp-republikeinse grondwet.

'N AGB. LID: Dieselfde ou storie . . .

### „SLEGTE LEUENS"

MNR. MOORE: Ek gaan nou aanhaal uit een artikel, die artikel oor taal. Dit is die een waarby ons vanaand belang het. Hier is dit.

MNR. A. STEYN: (Onhoorbaar).

MNR. MOORE: Die agb. lid vir Kroonstad (mnr. A. Steyn) sal nog baie meer hoor, en ek dink hy behoort sy tussenwerpsels in reserwe te hou, aangesien daar iets heelwat swaarder later sal kom. Die aanhaling lui:

Taal: Afrikaans, as die taal van die oorspronklike blanke bewoners van die land, sal die eerste amptelike taal wees. Engels sal beskou word as 'n tweede of aanvullende taal, en sal gelyke regte, vryheid en voorregte met die eerste amptelike taal geniet, oral en altyd wanneer sulke behandeling deur die staatsgesag beskou word as synde in die beste belange van die staat en sy inwoners.

MNR. SUTTER: Op die gesag van die Eerste Minister.

MNR. MOORE: **Mnr. die Speaker, elkeen weet dat in die geharwar van politiek 'n mens bereid moet wees vir slegte leuens of goeie leuens, die gewone „niblicks" of „brassies." Ons verwag dit alles.** Ons weet, soos Kipling dit gestel het, „You have to bear to hear the truth you've spoken, twisted by knaves to make a trap for fools." Ons weet dit. **Ek moet sê dat ek nie omgee om by speletjies gekul te word nie, en om in die politiek meer gekul te word as ander nie. Dit is deel van die spel.** Maar, meneer, ek moet erken dat dit my walg wanneer die here wat hierdie program opgestel het, gesê het dat hulle dit doen in gehoorsaamheid aan die wil van die Almagtige God en die Heilige Bybel. Laat my aan u voorlees wat hulle gesê het.

'N AGB. LID: (Onhoorbaar).

MNR. MOORE: Ek gaan dit vir u voorlees. Ek weet my agb. vriend is 'n baie groot student van die Bybel. Dit is een ding wat ons in gemeen het. Die aanhaling lui . . . (en dan volg die aanhaling — Red.).

Ek wil graag voortgaan na die volgende stadium; ek wil graag bespreek waarheen Suid-Afrika gaan. Wat is die beleid, wat is die algemene rigting van die Regering wat ons vandag hier in Suid-Afrika het? Wat is hulle besig om te doen? En as ek sien hoe die skema stap vir stap ontwikkel word, kan ek slegs aan een parallel dink: die parallel van die totalitariese staat.

MNR. G. F. H. BEKKER: (Onhoorbaar).

### „PRAGTIGE LID"

MNR. MOORE: My vriend het opgedaag; die agb. lid vir Cradock is nou terug, mnr. die Speaker. Welkom, welkom, op hierdie helder oggend. O, wat 'n pragtige oggend! O, wat 'n pragtige lid! Mnr. die Speaker, ek was besig om te sê dat om 'n parallel te vind wat vandag in Suid-Afrika gebeur, moet 'n mens kyk na 'n polisiestaat, na Fascisme onder Mussolini, na 'n Nazi-Duitsland onder Hitler, of na Kommuniste-Rusland onder Stalin . . .

DR. VAN RHYN: Hoeveel bondgenote het u tydens die oorlog gekry?

MNR. MOORE: U sien, ek het selfs die agb. lid vir Bethlehem (dr. Van Rhyn) gewek. Hy is gewoonlik stil en gedra hom goed en besadig. Ons stel albei belang in universiteitsopleiding — ek dink dit is die gemeenskaplike band. Wat was die tweede stadium van Hitler se Duitsland? . . .

Mag ek tot die derde fase kom? Die derde fase van Hitler se regime was om die Duitse volk teen 'n seksie van hul eie bevolking aan te hits.

DIE MINISTER VAN LANDE: Mag ek 'n vraag stel?

MNR. MOORE: Mnr. die Speaker, u sien ek is nie uit om springhase te skiet nie, ek is uit om grootwild te skiet . .

DIE MINISTER VAN LANDE: Sal u op een vraag antwoord?

MNR. MOORE: Ek kan aan u sê, meneer, dat ek nie die minste beswaar het nie mits ek kan, om die woorde van wysheid te gebruik . . . (Tussenwerpsels). Ek het nie die minste beswaar om op vrae te antwoord nie, maar my tyd is gerantsoeneer.

'N AGB. LID: U sal 'n verlenging kry.

MNR. MOORE: Ek maak nie beswaar daarteen dat die agb. Minister 'n vraag stel nie.

DIE MINISTER VAN LANDE: Het u op een tyd die beginsels van die Dominion-party onderskryf?

### HULDE

MNR. MOORE: Mnr. die Speaker, ek weet nie wat dit met die debat te doen het nie (tussenwerpsels). Ek wens om baie openlik te sê dat ek die beginsels van die Dominion-party onderskryf het onder mnr. Coulter en kol. Stallard . . . Die agb. Minister van Lande is 'n voorstander van 'n nuwe

(Vervolg in volgende kol.)

(Vervolg van vorige kol.)

beleid. Sy beleid is anders. Hy het die meeste van die ou dinge van die Nasionaliste laat vaar. Hy het na die platteland gegaan, en het sy beleid vir die eerste maal uiteengesit, sover as wat ek weet, op Dwaalboom in die Agterbosveld. Toe hy na Dwaalboom in die Agterbosveld gegaan het, het hy gesê dat 'n fout begaan was. Hy het gesê dat ons Hitler se skurke en boewe teengestaan het en dat dit daarom is dat daar nou 'n gevaar van kommunisme bestaan. Nou, dit is die leerstelling van die Minister van Lande, hierdie nuwe sak-uitgawe van Hitler wat deur die land toegejuig word . . (Tussenwerpsels).

Totsover Hansard.

**Hierdie stukkie onsin, wat maar 'n brokkie is van die geheel, het die land nagenoeg £30 gekos, maar dit is so hoog aangeslaan deur parlementariërs dat die volgende spreker hom as volg daaroor uitgelaat het:**

SIR DE VILLIERS GRAAF: Mnr. die Speaker, niemand sal my beny waar ek moet praat na 'n spreker wat duidelik so 'n diepe indruk op hierdie Raad gemaak het, uitgeput soos hy is na 'n besonder lang debat. Ek dink die reaksie van agbare lede aan die anderkant was 'n opvallende huldebetoon aan die welsprekendheid en die besonder gegronde argumente van die agb. lid vir Kensington (mnr. Moore)!!

# VRUGTELOSE GEPRAAT OOR SAMEWERKING

**Die begeerte om die kleurvraagstuk uit die partypolitiek te lig, is vir die soveelste keer verlede week in die parlement deur lede van albei partye uitgespreek sonder dat iets gedoen is om die begeerte om te sit in 'n daad.**

Mnr. Sarel Tighy (V.P. Johannesburg-Wes) het gesê dat die manier waarop blankes die kleurvraagstuk in die openbaar bespreek nôg vir hulself nôg vir die nie-blankes bevorderlik is. Hy het 'n beroep op dr. Malan gedoen om weer 'n poging aan te wend om 'n gemeenskaplike grondslag vir die oplossing van die vraagstuk te vind.

Dr. Malan het in sy antwoord betoog dat apartheid die basis moet wees waarna verskeie V.P.-lede te velde getrek het teen die woord „apartheid" wat dan nie vantevore in 'n woordeboek gestaan het nie. Mnr. Arthur Barlow het selfs so ver gegaan om te sê dat indien die opposisie die sekerheid het dat daar geen moontlikheid bestaan dat Suid-Afrika die Britse Statebond sal verlaat nie, sal baie „gevegte oor niks" nie plaasvind nie en sal die stryd tot ekonomiese sake beperk wees.

**Die wortel van die moeilikheid is natuurlik die voorsiening wat daar onder die Britse stelsel gemaak word vir 'n amptelike opposisie. Samewerking kan alleen kom wanneer ons 'n saamwerk-stelsel het soos in die Boererepublieke.**

# KAN STELSEL NIE AFSKAF

**Die regering het geen voorneme om die provinsiale stelsel af te skaf of ingrypend te wysig nie, het dr. Malan verlede week in antwoord op vrae in die parlement gesê.**

Hy het gesê dat die ideale toestand sentrale beheer is, maar die hele kwessie van verhouding tussen die sentrale regering en die provinsiale rade is uiters moeilik en ingewikkeld. Die regering kan nie stappe doen as hy nie weet dat hy die wil van die volk vertolk nie. Daar is nog verdeeldheid oor die saak in alle partye.

Jare gelede het genl. Hertzog 'n poging aangewend om die provinsiale stelsel te vervang deur 'n beter plaaslike bestuurstelsel, maar teenstand in sy eie party in Transvaal het hom gedwing om die saak te laat vaar, aldus dr. Malan.

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

# Huidige Geldstelsel Kan Inflasie Nooit Keer

**Die huidige inflasie-wedloop en die skreeuende gevaar van ewigstygende pryse kan deur geen regering opgelos word voordat daar nie 'n ander geldstelsel ingevoer is nie, het dr. J. E. Holloway, voormalige sekretaris van finansies van die Unie, in 'n toespraak in Johannesburg gesê.**

**Dr. Holloway het gesê dat die huidige geldstelsel besig is om in duie te stort. Die beskerming wat die burger van die land voorheen teen wanbestuur gehad het is hom ontneem, en hierdie proses van ontwapening van die gewone burger sal lei tot kommunisme en verslawing van die hele gemeenskap.**

Die inflasie het in die oorlog ontstaan toe die regering geld begin leen en in omloop gebring het wat geen dekkingswaarde het nie. Die ewigdurende prysstygings wat daaruit vloei lei tot stakings en nywerheidsontwrigtings, want dit is al wapen wat die werker oorhou teen inflasie.

Die oplossing is om tot goud terug te keer sodat elke burger die reg sal hê om goud te eis vir sy betalingsbeloftes (papiergeld) en daarmee te doen wat hy wil. Maar dit kan nie gedoen word solank die prys van goud kunsmatig vasgestel word nie, veral nie teen die prys van vandag nie. Solank die goudprys laer is as sy waarde kan so iets nie gebeur nie omdat mense dit sal opgaar in plaas van te gebruik.

### SELF GESIEN

**Vandag word die geldstelsel dwarsdeur die wêreld deur burokrate beheer, en solank hierdie reg bestaan om die geldeenheid te verlaag sal selfs die sterkste en mees besliste regering gedwing word om dit te doen.**

„Ek is nie besig met teorieë nie — ek het daardie magte vir 'n baie lang tyd van naby aan die werk gesien," het dr. Holloway gesê.

Omdat die mens vertroue in die geldstelsel verloor het probeer hy nie meer met geld spaar nie, maar in grond en goedere. In plaas van die pryse van goedere steeds op te dwing, sou dit beter wees om goud weer as bewaarder van geldwaarde te aanvaar.

### DRIE LESSE

Met verwysing na die goudstandaard-stryd in die jare na 1925 het dr. Holloway gesê dat daardie stryd drie lesse geleer het. **Die eerste is dat as inflasie eenmaal plaasgevind het, 'n terugkeer nie moontlik is nie. Die tweede is dat as goud se waarde te laag bepaal is, die mense sal storm om dit in die hande te kry. En die derde les is dat as die prys van goud nie reg vasgestel is nie, dit mettertyd enige geldstelsel sal vernietig.**

Die euwel van die huidige geldstelsel is dat die kwaad eers toegelaat moet word om ernstige afmetings aan te neem voordat daar pogings aangewend kan word om 'n betalingsbalans te herstel. En as die kwaad gesaai is, volg 'n verdere euwel — vlugkapitaal, daardie eienaardige vernietigende magte wat deur 'n beheerstelsel geteel word. **Die posisie is dat die arm en middelklas-man nie van geld kan wegvlug soos die ryk man wat sy geld in grond, bruikgoed en aandele belê nie. 'n Pensioen wat 'n aantal jare gelede heelwat beteken het, is nou niks werd nie. Die dalende geldwaarde is 'n verderflike vorm van belasting omdat dit 'n belasting op spaargeld is en die swaarste druk op diegene wat dit die minste kan bekostig.**